| FINANSIëLE REKENINGKUNDE 700<br><br>Seminaar RS 7 – Gebeure na die verslagdoenings-tydperk<br><br>*PH Ferreira* | DEPARTEMENT REKENINGKUNDE<br><br>UP |
|---|---|

**Voorgeskrewe werke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | IAS 10 | – | IASB |
| 2. | GAAP Handbook Volume 1<br>- Hoofstuk 6 | – | Pretorius, **et al** |

| **Vrae:** | | **Tyd** |
|---|---|---|
| Vraag 1 | Verantwoording van gebeure na verslagdoeningstydperk | ± 20 min |
| Vraag 2 | Klassifikasie van gebeure na verslagdoeningstydperk | ± 10 min |
| Vraag 3 | Openbaarmaking van gebeure na verslagdoeningstydperk | ± 15 min |
| Vraag 4 | Konsepsuele vraag | ± 15 min |





## VRAE

### VRAAG 1

Bespreek hoe die volgende gebeure, wat plaasgevind het ná verslagdoeningsdatum, maar voor die finansiële state vir uitreiking gemagtig is, rekeningkundig verantwoord moet word:

1.1 Die maatskappy se navorsingsafdeling het 'n nuwe produk ontwerp wat hom 'n leier op sy gebied sal maak.

1.2 Die maatskappy se mededingers het 'n nuwe produk op die mark gebring wat sy eie produk verouderd maak.

1.3 'n Groot klant van die maatskappy het finansiële probleme.

1.4 Die markprys van die maatskappy se hoofproduk het aansienlik verswak.

1.5 Die markprys van die maatskappy se grootste belegging het met 50% gedaal.

1.6 'n Wesenlike defek is in een van die maatskappy se produkte ontdek en die produkte sal herroep en verander moet word.

1.7 'n Groot haelstorm en vloed vernietig alle voorraad in die maatskappy se fabriek.

1.8 Dividende is deur die direksie voorgestel, maar sal eers op die algemene jaarvergadering goedgekeur word.

### VRAAG 2

Dui aan welke van die volgende gebeure na verslagdoeningstydperk (indien enige) aansuiwering aan bates/laste vereis.

2.1 Ontdekking van foute of bedrog wat aantoon dat die finansiële state wesenlik foutief is.

2.2 Uitreiking van 'n wesenlike bedrag van aandele en skuldbriewe na verslagdoeningstydperk.

2.3 Wesenlike verliese aan niebedryfsbates of voorraad as gevolg van oorstromings.

2.4 Stakings en arbeidsgeskille wat wesenlike koste en verliese tot gevolg het.

2.5 Eise: bedrae wat ontvang is in verband met 'n versekeringseis wat op verslagdoeningsdatum in 'n stadium van onderhandeling was.

**VRAAG 3**

U is die ouditeur van Witperd Bpk, 'n maatskappy in die Wes-Kaap, wat whisky distilleer. U word deur die finansiële bestuurder van die maatskappy genader om hom van raad te bedien met die oog op die afhandeling van die groepsfinansiële state vir die jaar geëindig 30 September 20X6. Die finansiële state word op 12 Novermber 20X6 vir uitreiking gemagtig.

- 'n Tegniese probleem met die lugbevogtigers in die kelders gedurende 'n langnaweek in Oktober 20X6 het veroorsaak dat whisky ter waarde van R1 470 000 weggegooi moes word. Die versekeraars het nie die eis toegestaan nie, omdat die tegniese bystandpersoneel nalatig was deur nie die probleem betyds te herstel nie.
- Die maatskappy se direksie het gedurende Oktober 20X6 met onderhandelinge begin vir die moontlike oorname van Klokke Whisky Bpk. Die onderhandelinge is nog nie afgehandel nie, maar alles dui hierdie stadium daarop dat die oorname moontlik kan slaag. Indien die oorname wel suksesvol is, word verwag dat groepsverdienste met meer as 40% sal toeneem.

*VRAAG: Is dit in aanvaarbaar dat ons niks oor bogenoemde twee aangeleenthede in die groepsfinansiële state openbaar nie?*

**VERLANG:**

Verstrek ‘n gemotiveerde antwoord op bogenoemde vraag.

**VRAAG 4**

Equity Bpk se jaareinde val op 31 Desember 20X0. Op 15 Februarie 20X1 stel die direkteure ‘n dividend van 20c per aandeel ten opsigte van die vorige finansiële jaar voor. Die finansiële state word op 31 Maart 20X1 vir uitreiking gemagtig.

**VERLANG:**

Bespreek die hantering van die bogenoemde dividendvoorstelling aan die hand van Die Konsepsuele Raamwerk, IAS 10 en IAS 1.